191. A. 1 (14)

Dr. Gustav S. Preller.

deur Prof. H. B. Thom.

(Huldigingswoord voorgedra op die Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie te Stellenbosch op 29 Julie 1944).

Deur die afsterwe van dr. Gustav S. Preller het die Akademie, en inderdaad die hele Afrikanerdom, 'n swaar verlies gely.

Dit is nie nodig om nou hier op die besonderhede van sy werk in te gaan nie; in die talryke waarderings wat daar na aanleiding van sy heengaan verskyn het, is dit reeds oorvloedig gedoen. Ons voel egter ook almal die behoefte daaraan om in die gees 'n oomblik met eerbied by sy graf stil te staan, sy uitnemende verdienstes te beklemtoon en aldus hulde aan sy nagedagtenis te bring.

In die orgaan van die Akademie, die Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, van Julie verlede jaar het daar 'n portret van die stigters van die Akademie verskyn. In die agterste ry, tussen wyle dr. Kestell en wyle genl. Hertzog, staan, met kenmerkende dwarsdassie, Gustav S. Preller. Die portret is geneem te Bloemfontein in 1909 — Gustav Preller was toe nog maar 'n jong man van 34 jaar, onder die stigters seker een van die jongste, van dié tyd af het hy hom reeds onvermoeid vir die verhewe doelstellings

van die Akademie begin, en tot aan die end van sy lewe het hy hoeswas ywerig daarvoor werksaam gebly.

Deur hom tot die erelidmaatskap te verhef het die Akademie hom as een van sy voorvanstaande lede erken en tegelyk waardige waardering vir sy lewe van vrugbare arbeid getoon.

Maar, nie slegs vir die Akademie nie, ook vir die Afrikanerdom as geheel is sy heengaan 'n verlies.

Met die tweede Afrikaanse taalbeweging was hy in die Noorde een van die eerstes om met onwrikbare oortuiging vir Afrikaans in die strydperk te tree. Dit was 'n taaie stryd wat hy en sy wapenbroers in dié tyd moes stry, en ook 'n ontmoedigende stryd want dit moes soms teen die beste vriende van die Afrikanervolk gevoer word. Maar hulle het volgehou en hulle kon die pragtige resultaat sien: dat die Afrikaner sy eie taal eindelik waaragtiglik ontdek het en met liefde ten volle daarvan besit geneem het. Tot hierdie historiese uitkoms het Preller in hoë mate sy deel bygedra. Want hy het self sonder ophou geskryf, en hy was immers self ook die man wat, toe die vraag in opregtheid tot die Afrikaner gerig is of dit hom met Hollands erns is, met sielsoortuiging namens 'n ontwaakte Afrikanerdom uitgeroep het: „Laat 't ons toch ernst wezen!" — die ons wees met

Afrikaans, 'n antwoord wat hy self tot die einde toe kragdadiglik uitgeleef het.

Van hierdie besliste antwoord van Preller kon prof. Pienaar in 'n mooi waarderingswoord tereg verklaar: „Hierdie gespierde en wetenskaplik gefundeerde taalpleidooi van Preller was die ultimatum van die nuwe taalfront wat weldra in woord en skrif die stryd sou aanbind vir die volkstaal en stormerhand die een vesting na die ander sou verower. Met hierdie pleidooi vang in werklikheid die triomf van Afrikaans aan".

Ook op historiese gebied was Preller 'n ware baanbreker vir sy volk. Sy Piet Retief is seker die bekendste geskiedkundige werk in Afrikaans: nie slegs in ons dorpe en ons stede, op ons skole en ons universiteite nie, maar ook op die platteland, selfs in afgeleë, eensame boerewonings het dit sy weg gevind. (Deur tien drukke heen het dit) hy versprei en ontsag en liefde vir ons eie gekweek. Daarna het verskeie ander historiese werke gevolg, o.a. Andries Pretorius, Preller se grootste, in 1937.

Hierdie geskiedkundige werke, ofskoon omvattend, fors van lyn, en hoogs belangrik, verteenwoordig m.i. egter nog nie Preller se vernaamste verdienste op historiese gebied nie; dit vind 'n mens eerder in sy bronne-publikasies, b.v. sy Dagboek van Louis Trigardt en sy

ses dele Voortrekkermense met hulle uitvoerige inleidings en ruime verdere toelighting in voetnote. Veral die laaste, Voortrekkermense, is van onskatbare waarde. Hiermee het Preller skitterende boustowwe vir die geskiedenis van die Groot Trek, daardie sentrale gebeurtenis van ons volksverlede, vir almal toeganklik gestel. Preller het self verklaar dat hierdie stukke 'n mens in staat stel „om die Voortrekkers te leer ken soos hulle hulself gesien het, op die trek, in die laer, op die jag en in die huislike kring; aan hul arbeid, hul godsdiens en vermake, in hul gewoontes en in die kleredrag van hul tyd." Beter kan die waarde van die reeks Voortrekkermense seker nie saamgevat word nie. Engien wie se taak dit is om die Groot Trek te bestudeer, of die een of ander onderdeel daarvan, vind maar alte gou uit hoe hy gedurigdeur op bij by Preller moet gaan aanklop.

Preller het baie geskryf, hy het robuust geskryf en hy het oor veelbewoë tye en aangrypende gebeurtenisse geskryf. Dit spreek dus byna vanself dat daar mense sal wees wat van hom sal verskil wat betref sy metode van geskiedskrywing en sommige van sy konklusies. Wat daar egter ook al gesê mag word, dit sal iedereen moet erken: dat hom die eer toekom dat hy meer as enigiemand anders

belangstelling by ons volk in ons eie verlede opgewek het en tot navorsing van ons verlede, insonderheid van die Groot Trek, aangespoor het.

Maar ons huldig Preller nie slegs as Akademielid, as taalstryder en as geskiedskrywer nie; ons dink ook aan hom — en hierop wil ons graag besonder nadruk lê omdat hierdie aspek van sy betekenis tot nou toe nogal heeltemal oor die hoof gesien is — ons dink ook aan hom as ~~[illegible]~~ kampvegter vir 'n ~~[illegible]~~ blanke Suid-Afrika. As ras-egte Afrikaner het hy reeds besef dat daar een groot sine qua non vir die toekoms van Suid-Afrika as witmansland is, nl. skeiding tussen blank en nie-blank. Sy historiese studies het hom laat sien hoe hierdie beginsel van rasseskeiding diep in ons volksverlede gewortel is, hoe dit deur ons voorouers getoets is, en hoe ons volk daardeur 'n blanke volk gebly het. Hoef dit ons dan te verwonder dat Preller, wat met albei voete op egte Afrikaanse grond gestaan het, hierdie segregasie-beginsel met hart en siel aanvaar en dit vuriglik bepleit het.

Ons sien dit treffend in sommige van sy historiese werke, by name in sy Andries Pretorius waar hy Pretorius se beleid van rasseskeiding duidelik behandel en in kragtige bewoording die nasionale betekenis daarvan vir

Suid-Afrika vaslê. En ons sien dit nog meer treffend in die pragtige huldigingswoord wat hy oor wyle genl. Hertzog op die vorige jaarvergadering van die Akademie te Pretoria uitgespreek het. Daarin verklaar hy ~~[illegible]~~ met geesdrif o.a.: „As segregasie misluk het, dan is ook die Voortrek, waarvoor ons hier in die Voortrekkerhoofstad 'n reuse-gedenkteken bou, 'n mislukking. As segregasie misluk het, waarvoor Genl. Hertzog meer dan 'n kwart eeu lank eerlik en opreg gegewer het, dan stort ook ons ganse Witmansideaal vir ons land en ons volk in duie. As dit waar is, dan skryf ons ‚Ikabod' oor 'n blanke toekoms van ons kinders. As dit so is, dan streef ons bewus 'n bastertoekoms tegemoet, waarin ons ras en ons nasie die ondergang tegemoet gaan, ondergang in die welsand van die Afrikaanse naturellebloed". En weer: „Afskeiding, in teenstelling met gelykstelling, is 'n ideaal uit ons eie volk gebore, en uit ons eie lewenservaring ---- Dit is geen oppervlakkige, afgeleefde, lewensmoeë Amerikaanse gelofie nie, maar die ryp vrug van geslagte van dure Afrikaner-ervaring."

Só sien ons dr. Gustav Preller dan weer in die gees voor ons: taalstryder, historikus, kultuurmens. Sy groot verdienste, ten spyt het hy egte gewone, eenvoudige, nederige Afrikaner gebly, wat teenoor almal, oud en jonk,

vyk en arm, eenders was. Waarlik, ons het rede om sy naam in dankbare herinnering te hou, en terwyl ons dit doen, dink ons ook met meegevoel aan hulle, sy engere familiekring, en veral aan haar, sy lewensgesellin, wat hom soveel jare lank trou ter syde gestaan het.